

Donderdag 29 September

Skrifgedeelte: Openbaring 21:1-8 (AFR20)

Fokusgedeelte: Openbaring 21:5

Christus maak alles nuut

Daar is soveel stukkende goed in hierdie sondeverskeurde wêreld. Daar is soveel stukkende mense, gebroke mense, mense soos voëls met stukkende vlerke wat nie meer kan vlieg nie. Gebroke, stukkend vanweë die sonde wat 'n huwelik of ander verhouding verbreek het; gebroke in droefheid oor 'n dierbare wat nie meer daar is nie; stukkend as gevolg van die aftakeling van siekte en ouderdom. Elkeen van ons dra 'n stukkie gebrokenheid met ons saam. Kan dit ooit weer heel word?

Ja, dit kan. As ons maar luister en kyk. Ons hoor vanoggend uit die mond van die enigste Een wat alles kan verander: "Kyk, Ek maak alles nuut." Dit is die woord van Christus aan ons, sy kinders, sy gemeente wat leef in die laaste dae, in die ou wêreld. Ek maak alles nuut. Nuut, teenoor dit wat stukkend en oud en gebroke is. Nuut, dit is heel, ongeskonde, heerlik, volmaak. Nuut, soos in die paradys voor die sondeval. Ons fokusvers volg op vers 4 waar daar sprake is van trane en leed en pyn en droefheid en dood. Hy maak ALLES nuut. Net God kan alles nuut maak, die hemel en die aarde self met alles wat daar in is, verhoudinge en toestande, bestaanswyses en genietinge. En Hy doen dit volkome.

Openbaring 21 wys heen na die nuwe Jerusalem, na die Bruilof van die Lam, na die oomblik wanneer die herskepping van alle dinge voltooi sal wees, wanneer die volkome saamlewe van God met sy volk werklikheid sal wees; wanneer daar nie 'n enkele traan gestort sal word nie, nie 'n enkele siekbed sal wees nie, nie een egskeiding nie, geen kerkhof of hospitaal nie, nie een gebroke hart nie.

Dit is toekoms-musiek. Maar dit word aan ons gegee om ons nou en hier te troos. Die belofte van ons fokusvers staan in die teenwoordige tyd. Hy is nou daarmee besig. Hy sit voort wat Hy eeue gelede begin het, toe sy liggaam aan die kruis gebreek is, sy bloed gevloei het, toe Hy al die gebrokenheid van die sonde op Hom geneem het. Hy maak alles nuut omdat Hy die sonde en die dood oorwin het.

Hy maak nuut deur sy Gees wat lewend maak, heel maak, troos. Kyk deur die geloof verby die gebrokenheid, die aftakeling, die skerwe van u lewe. Kyk deur die geloof totdat sy belofte in volkome vervulling gaan. Kyk, en leef, die nuwe lewe wat u van Hom ontvang het.

Sing: Skrifberyming 45 (18-7):1, 8, 9

Prof. CFC Coetzee (Callie) (emeritus)